# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

# DISTRIK-EKSAMEN

## GRAAD 11

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2012**

**MEMORANDUM**

Moderators: Mev. A. Nell
Mev. X. Desai

PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

**Hierdie MEMORANDUM bestaan uit 7 bladsye.**

## *Afdeling A – Kyk- en Leesbegrip*

## *Assesseringsriglyne:*

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie – die fokus is op begrip.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede / motivering word oorweeg. Indien die kandidaat nie JA / NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING-vrae, word die punte verdeel:
    - 1 punt vir WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING en
    - 1 punt vir die rede / motivering / aanhaling.
- As die leerder se WAAR / ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
- As die WAAR / ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Vals (Fals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels.)
- As ʼn antwoord ʼn aanhaling is, word die kandidaat nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie. Die aanhaling moet volledig volgens die teks wees,maar die kandidaat word nie gepenaliseer vir spelfoute nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ʼn volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite / punte vereis word en die kandidaat ʼn hele reeks gee, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ʼn ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae die letter ASOOK die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

## AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP

**VRAAG 1 – TYDSKRIFARTIKEL**
**Ek is nes bloukaas [309 woorde]**

| Vraag | ANTWOORD | Punt | Kat. | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| 1.1. | Esli. | **1** | A | 1 |
| 1.2. | 1991. | **1** | A | 1 |
| 1.3. | Tuks FM **OF** Punt Geselsradio **OF** Radio 702 **OF** OFM. **(NIE JACARANDA NIE – hy is nog steeds daar)** | **1** | A | 1 |
| 1.4. | Skuur OF Voorblad. | **1** | B | 2 |
| 1.5. | Onwaar – hy skryf artikels vir tydskrifte en koerante. | **2** | B | 2 |
| 1.6. | B – 38 of Agt-en-dertig. | **1** | B | 2 |
| 1.7. | A – Pretoria. | **1** | B | 2 |
| 1.8. | Mense moet hom eers leer ken voordat hulle van hom hou. | **2** | B | 3 |
| 1.9. | Onwaar – Meer mense het SMS'e gestuur om te sê hulle geniet nie die program nie OF 35% van die mense het gesê Rian moet van die lug af. | **2** | B | 3 |
| 1.10. | Mense reageer op sy reputasie en mense se teenstand teen verandering. / Hulle hou van roetine. | **2** | C | 4 |
| 1.11. | Om luisteraars iets te gee wat hulle nog nie voorheen gehoor het nie. OF Hulle grense te verbreed OF om mense te vermaak. | **1** | C | 5 |
| 1.12. | EIE OPINIE. (Die leerders kry nie 'n punt vir JA of NEE nie – net vir die opinie.) | **1** | C | 6 |
| | | **SUBTOTAAL – 16** | | |

| Kategorie | A | B | C |
|---|---|---|---|
| Aantal Vrae | 3 | 6 | 3 |
| Totaal Vrae | 12 | 12 | 12 |
| % | 25% | 50% | 25% |

## AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP

**VRAAG 2 – STROKIESPRENT**
**Madam en Eve [113 woorde]**

| Vraag | ANTWOORD | Punt | Kat. | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| 2.1.1. | C – Sukkel met Wiskunde. | **1** | A | 1 |
| 2.1.2. | D – Hou nie van Taxi's nie | **1** | B | 2 |
| 2.1.3. | B – Doen halwe werk. | **1** | B | 3 |
| 2.1.4. | A – Is oneerlik. | **1** | C | 4 |
| 2.2. | EIE ANTWOORD. (Die leerders kry nie 'n punt vir JA of NEE nie – net vir die opinie.) | **1** | C | 6 |
| | | **SUBTOTAAL – 5** | | |

| Kategorie | A | B | C |
|---|---|---|---|
| Aantal Vrae | 1 | 2 | 2 |
| Totaal Vrae | 5 | 5 | 5 |
| % | 20% | 40% | 40% |

## AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP

**VRAAG 3 – FILMRESENSIE**
**E'Lillipop [188 woorde]**

| Vraag | ANTWOORD | Punt | Kat. | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| 3.1. | Hoe die nuwe Suid-Afrika sou funksioneer. | **1** | A | 1 |
| 3.2. | 'n Ware Lewensdrama. | **1** | A | 1 |
| 3.3. | Die Soweto opstande OF Militêre diensplig. | **1** | B | 2 |
| 3.4. | Om die rolprent kykersvriendelik te maak. | **1** | B | 2 |
| 3.5. | Die vertelstyl lyk na 'n sepie. | **2** | B | 3 |
| 3.6. | Nie goed nie. | **1** | B | 3 |
| 3.7. | Onwaar – (Wandile Molebatsi se spel is sterk) EN / OF (maar Jason Hartman is te lig in die broek) | **1** | C | 4 |
| 3.8. | EIE OPINIE. (Die leerders kry nie 'n punt vir JA of NEE nie – net vir die opinie.) | **1** | C | 5 |
| | | **SUBTOTAAL – 9** | | |

| Kategorie | A | B | C |
|---|---|---|---|
| Aantal Vrae | 2 | 4 | 2 |
| Totaal Vrae | 8 | 8 | 8 |
| % | 25% | 50% | 25% |
| **TOTAAL AFDELING A - 30** | | | |

**AFDELING B – OPSOMMING**
**VRAAG 4**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**
**ALGEMEEN**
Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk van die opsomming te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui wees.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. **Die res van die opsomming word geïgnoreer**.
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
- Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**PUNTETOEKENNING**

- Feite: 7 punte
- Taal: 3 punte

**DUI DIE PUNTE S. AAN:**

| |
|---|
| **F**eite **(7)** + **T**aal **(3)** = **(10)**<br>**FO**rmaat **(− 0/1)** **W**oord **(− 0/1)** **A**anhaling **(− 0/1/2)**<br>**= TOTAAL** |

**STAP 1: FEITE (7)**

- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte. (ŉ Volsin het ŉ werkwoord.)

**STAP 2: TAAL (− 0/1/2/3)**

- **ELKE taalfout** (grammatika, spelling en punktuasie) in **ELKE feit word aangedui (ook in verkeerde feite), daarna getel en soos volg bereken**:

| **Feite met taalfoute.** | | **Feite sonder taalfoute.** | |
|---|---|---|---|
| 0 – 4 foute: | geen penalisering nie | Geen feite korrek: | geen punt vir taal |
| 5 – 10 foute: | trek 1 punt af | 1 – 2 feite korrek: | maksimum 1 punt vir taal |
| 11 – 15 foute: | trek 2 punte af | 3 – 4 feite korrek: | maksimum 2 punt vir taal |
| 16 foute of meer: | trek 3 punte af | 5 – 7 feite korrek: | maksimum 3 punt vir taal |

| **TIPIESE TAALFOUTE** | | |
|---|---|---|
| Woordorde in enkelvoudige sin (bv. O/werp + ww. + v/werp) | Tyd, wyse, plek- Direkte vertaling (moedertaalinvloed) | Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3) |
| Dubbelnegatief | Voornaamwoorde | Omgekeerde woordorde |
| Lydende vorm | Infinitief | |

**STAP 3: FORMAAT (− 0/1)**

Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied:

- puntsgewys in kolomme of onder mekaar.
- penaliseer **met een punt** indien die opsomming in paragraafvorm aangebied is.

**STAP 4: GETAL WOORDE (− 0/1)**

- Kandidate MOET die **korrekte** getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde is aangedui, penaliseer **met een punt** aan die einde.

**STAP 5: AANHALINGS (− 0/1/2)**

Vir **direkte aanhalings** van sinne word daar soos volg gepenaliseer:

| | |
|---|---|
| 1 – 3 volledige sinne aangehaal | geen penalisering nie |
| 4 – 5 volledige sinne aangehaal | trek 1 punt af |
| 6 – 7 volledige sinne aangehaal | trek 2 punte af |

**VRAAG 4 – OPSOMMING**
**Wenke oor hoe jy beter kan presteer op skool en wenke vir lekker aartappels. [135 woorde]**

| Opsomming | |
|---|---|
| Wat jy moet doen | Wat jy nie moet doen nie. |
| • Kyk televisie vir vyf minute.<br>• Eet 'n stukkie sjokolade.<br>• Tik die hoogtepunte van jou notas uit.<br>• Vat 'n hele paar ruskanse.<br>• Stap weg van jou studies.<br>• Dink akronieme uit.<br>• Visualiseer hoe jy 'n goeie punt kry.<br>• Eet goeie, gesonde kos.<br>• Slaap ten minste vir 6 tot 8 uur.<br>• Doen oefeninge. | • Moenie *Facebook*.<br>• Monie Twiet.<br>• Moenie SMS nie.<br>• Moenie die aand voor ‘n toets eers studeer nie. |

**TOTAAL AFDELING B - 10**

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 1 **MEMORANDUM**

**AFDELING C: TAAL**

## WOORDGEBRUIK, WOORD- EN SINSTRUKTURE

**VRAAG 5 – STROKIESPRENT**
Strokiesprent – [41 woorde]

| Vraag | ANTWOORD | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | jaar. ✓ | 1 |
| 5.2. | sportveld. ✓ | 1 |
| 5.3. | ondersteuners. ✓ | 1 |
| 5.4. | Kolwer. ✓ | 1 |
| 5.5. | Die bal word deur hom geslaan. **(✓ Taalreëls)** | 1 |
| 5.6. | spelers. ✓ | 1 |
| 5.7. | deur. ✓ | 1 |
| 5.8. | besluit. ✓ | 1 |
| 5.9. | balletjie. ✓ | 1 |
| 5.10. | D – doodskis. ✓ | 1 |
| 5.11. | A – Die toeskouer wens die span geluk toe met hulle fantastiese spel. ✓ | 1 |
| 5.12. | Nee, die span sal nooit wen nie. (✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.13. | Nie alleen Suid-Afrikaners nie, maar Amerikaners is ook mal oor sport. (✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.14. | sportvrou. ✓ | 1 |
| 5.15. | Anton beveel Pieter om die bal vir hom te gooi. **(✓Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.16. | Die span is geskok omdat hulle die wedstryd verloor het. (✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.17. | Aangesien die bouler na die skare kyk, sien hy nie die bal nie. **(✓ Taalreëls)** | 1 |
| 5.18. | doodmoeg. ✓ | 1 |
| 5.19 | ‘n Wedstryd word elke Saterdag deur die spelers by die skool gespeel. (✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.20. | Verlede jaar het die kaptein van ‘n besering herstel. (✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.21. | moeilik. ✓ | 1 |
| 5.22. | Die afrigter vra hoekom die span nie daardie dag kan speel nie. (✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.23. | Die graswewenaar vra of hulle alweer ‘n wedstryd speel. (✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.24. | raas. ✓ **Nie “geraas” nie.** | 1 |
| 5.25. | Waar is verlede jaar deur die span geoefen? (✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.26. | Die ondersteuner wou ‘n koeldrank koop toe het hy na die snoepwinkel gegaan. ✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |
| 5.27. | Die spandokter neem na elke wedstryd / bloedtoetse. (✓**Woordorde)** | 1 |
| 5.28. | goeie. ✓ | 1 |
| 5.29. | Wie sal die span die jaar afgerig? (✓**Woordorde) EN (✓ Taalreëls)** | 2 |

**TOTAAL AFDELING C - 40**

**VRAESTEL TOTAAL - 80**